Name

**Die pret van poësie**

## 1. Aspekte van gedigte

- **Titel** –Vertel dit iets van wat gaan volg? Letterlik/figuurlik?
- **Woordgebruik** – watter woorde word gebruik om betekenis oor te dra? Verstaan sommige woorde nie?
- **Die spreker** – Wie praat in die gedig? Dit is baie keer nie die digter nie, hy/sy dra 'n masker.
- **Die aangesprokene** – met wie praat die spreker
- **Stemming of toon** – die spreker se houding teenoor die onderwerp of die leser?
- **Inhoud** – waaroor gaan die gedig?
- **Tema** – Wat is die hoofgedagte?
- **Progressie** – stappe van ontwikkeling binne die gedig.
- **Digvorm** of **Bou** - in watter vorm word die inhoud weergegee. Bv. Sonnet, vrye vers, ens.

## 2. Verstegniese Aspekte

- **Rymskema:**
  - Paarrym bv. aa bb cc
  - Kruisrym bv. abab cdc
  - Omarmde rym bv. abba cddc
  - Gebroke rym bv. abcb defge
  - Geen vaste rympatroon bv. abcd efgg addh
  - Vrye vers bv. wanneer geen woorde opsigtelik rym nie
  - Binnerym bv. wanneer woorde binne 'n versreel met mekaar rym

- **Ritme** – Dit is die musiek in poësie, die beweging, die vloei of die "dans".
  - Dit dra betekenis, stemming en toon van die gedig
  - Hoe die gedig voorgedra word. Hoe die gedig *voel*.

- **Metrum** – vaste ritmiese patroon, gebaseer op beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe

- **Soorte strofes** – Koeplet : 4 opeenvolgende versreëls wat rym
  Tersine : 'n Strofe met drie versreëls
  Kwatryn: 'n Strofe met vier versreëls

- **Sonnette**: Italiaanse sonnet – eerste agt versreëls vorm die oktaaf
  laaste ses vorm die sestet
  die oktaaf gee 'n beeld of beskrywing
  die sestet gee 'n verdieping of toepassing.

  Engelse sonnet – drie kwatryne en rymende eindkoeplet.

➢ **Digterlike Vryheid** – digters het die "reg" om taalkovensies na vrye keuse te gebruik of aan te pas.
  - Bv. geen punte, kommas, hoofletters, woordorde verander.
  - gewoonlik ter wille van rym of metrum

LIVEWORKSHEETS

## 3. Vorms van Stylfigure of Beeldspraak *(Figurative language)*

**3.1 Vergelyking** *(Comparison)*
- Ons vergelyk twee dinge of sake met mekaar.
- Ons kyk na 'n spesifieke eienskap.
- Soek na die volgende woorde:
  **soos; net soos; as; nes; asof**

**3.2 Metafoor** *(Metaphor)*
Ons vergelyk twee dinge of sake direk met mekaar
**is ; word**

**3.3 Personifikasie** *(Personification)*
Ons gee menslike eienskappe aan 'n dier of voorwerp (*Object*).

**3.4 Alliterasie** *(Alliteration)*
- herhaling van die dieselfde medeklinker / konsonante (*consonant*)

**3.5 Assonansie** *(Assonance)*
- wanneer die vokale van twee of meer woorde herhaal word.

**3.6 Ellips… / Stippels…** *(Ellipse)*
- Die digter laat woorde weg om die leser se aandag op iets te fokus of
- om die sin meer dramaties te maak

**3.7 Enjambement** *(Enjambment)*
- Die sin eindig nie met die laaste woorde van die reël nie, maar loop oor in die volgende reël.
- Enjambemente lei die aandag van die rym weg.
- Dit kan die tempo van die gedig versnel / vinniger maak **of** vertraag / stadiger maak.

**3.8 Herhaling / Repetisie** *(Repetition)*
- Ons herhaal klanke, woorde, sinne, versreëls en strofes
- Dit versterk (emphasizes) die indruk of
- Beklemtoon 'n idee.

" boeke, boeke, boeke, bokse vol boeke, net waar jy kyk

**3.9 Sarkasme** *(Sarcasm)*
- Die digter/skrywer sê iets op 'n humoristiese manier, maar dit is skerp en dikwels die waarheid.
- Ons moet daaroor dink en iets daaraan doen.

**3.10 Satire** *(Satire)*
- vermaak ons (entertains us), maar voed ons ook op (educates us).

**3.11 Ironie** *(Irony)*
- 'n Situasie wat die teenoorgestelde is van dit wat ons verwag. (The opposite of what one would expect would happen or to be).
- "Stilbly is ook 'n antwoord."

**3.12 Retoriese vraag** *(Rhetorical question)*
- Die digter/spreker vra 'n vraag, maar verwag nie 'n antwoord nie, want die antwoord is logies (*doesn't expect an answer*)
- Dit word gebruik om die gedig dramaties te maak
- Die leser word direk betrek
- Die digter/spreker lug sy mening.(*expresses his opinion*).
  Bv. "Het ek nie vir jou gesê dit sal gebeur nie?"

LIVEWORKSHEETS

Beantwoord die volgende vrae oor gedigte

1. Kyk na die volgende gedig en beantwoord die vrae

## My oupa is ouer as Google

Jaco Jacobs

My oupa is ouer as Google –
dis moeilik om te glo,
maar ek het dit gaan google
en Google sê ook so!

Toe my oupa nog op skool was,
was daar glad nie Google nie.
Jy moes elke feit gaan naslaan
in 'n en-si-klo-pe-die*

Ek vra altyd vir Google uit
oor als waaroor ek wonder
Hoe op aarde het my oupa
reggekom daarsonder?



*Ek moes dit gaan google om uit te vind wat dit is

1.1 Wat noem ons die rooi omkringde gedeelte van die gedig

1.2 Watse tiepe gedig is dit die?

1.3 Watse rym patroon kom in die gedig voor en staaf jou andwoorde

1.4 Wat beskeken die woord en-si-klo-pe-die en waarom so gespel

LIVEWORKSHEETS

1.5 Wat beteken die koppel teken in die gedig

My oupa is ouer as Google –

1.6 Waarom die komma in die volgende
Om te glo,

1.7 Die uitroepteken in die gedig wat beteken die uitroep teken en watse tiepe emosie simboliseer die uitroepteken.

1.8 Wat beteken die ACCHI * in die gedig en hoekom het die digter dit ingesit en hoe verander dit die gedig se tempo en ruimte hantering in die gedig.

1.9 Hoekom sluit die digter die digkuns af met ,n vraagteken ? Hoe laat dit jou as leser voel oor die gedig.

LIVEWORKSHEETS